SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: (012) 808-9300 Faks / Fax: (012) 808 9344
E-pos / Email: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

Suid-Afrika se Grootste Bewaringsorganisasie - gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting
South Africa's Largest Conservation Organisation - focussed on Conservation Through Sustainable Use

Gallery Sporting Rifle – 2019 – Sportskiet

Ter voorbereiding van die IGRF Wêreldkampioenskap in 2019, vestig ons graag skuts se aandag op die volgende inligting.

Die *Gallery Sporting Rifle* kompetisie vir 2018 is nou afgehandel. Lede wat gekwalifiseer het vir deelname aan die nasionale kampioenskap sal eersdaags hulle uitnodigings ontvang. Die nasionale kampioenskap vind op 13 Oktober 2018 in Bethlehem plaas waarna provinsiale kleure toegeken sal word aan lede wat die vereiste minimumtellings behaal. Dit is ook die laaste GSR-byeenkoms vir 2018.

Die nasionale sportskietkampioenskap vind op 26 en 27 Oktober 2018 by die Excalibur-skietsentrum in Welkom plaas. Deelnemers sal aan die volgende dissiplines kan deelneem:

- SI10-A IGRF SA 480-A GRCF (SEMI-AUTO)
- SI10-B IGRF SA 480-B GRSB (SEMI-AUTO)
- SI03 50M PRESISIE RANDSLAG (NRA0301)
- SI07 INTERNATIONAL 1500 GALLERY RIFLE (GRSB)
- SI08-B TP 1 RANDSLAG
- SI09-B MT 1 RANDSLAG
- SG04-A 50M BANKRUS – SPORTER KLAS
- SG01-C 20m POSLIGA (RANDSLAG PISTOOL)
- SG01-D 20m POSLIGA (RANDSLAG REWOLVER)
- SI11 IGRF LANGAFSTAND GRSB
- SI04 50M PRESISIE SENTERSLAG (NRA0302)
- SI07 INTERNATIONAL 1500 GALLERY RIFLE (GRCF), HEFBOOMAKSIE EN OPE KLAS
- SI08-A TP 1 SENTERSLAG HEFBOOMAKSIE EN OPE KLAS
- SI09-A MT 1 SENTERSLAG HEFBOOMAKSIE EN OPE KLAS
- SI01 25M PRESISIE (RANDSLAG/ DRUKLUGGEWEER)
- SG01-A 20m POSLIGA (SENTERSLAG PISTOOL)
- SG01-B 20m POSLIGA (SENTERSLAG REWOLWER)

Die volledige program en inskrywingsvorms sal binnekort gestuur word.

2019 IGRF Wêreldkampioenskap

Datum van byeenkoms: 27 tot 31 Oktober 2019
Skietbaan: Excalibur-skietsentrum op Welkom

Die volgende dissiplines sal by die wêreldkampioenskap aangebied word:
**SAW - Sal aangekondig word*

- SI15 IGRF-Limited Bolt Action
- SI06 IGRF- 5685
- SI03 50M PRESISIE RANDSLAG (NRA0301)
- SI04 50M PRESISIE SENTERSLAG (NRA0302)
- SI01 25M PRESISIE (RANDSLAG/PNEUMATIESE LUGGEWEER)
- SI07 INTERNATIONAL 1500 GALLERY RIFLE (GRSB)
- SI07 INTERNATIONAL 1500 GALLERY RIFLE (GRCF)
- SI08-B TP 1 GRSB
- SI08-A TP 1 GRCF
- SI09-B MT 1 GRSB
- SI09-A MT 1 GRCF

- **SI08-B TP 1 GRSB – WAPEN WORD VERSKAF**
- **SI08-A TP 1 GRCF OPE – WAPEN WORD VERSKAF**
- **SBW TP 1 GRCF PISTOOL – WAPEN WORD VERSKAF**

- SBW TP 1 SENTERSLAG HAELGEWEER (SAL BEVESTIG WORD)
- SBW MT 1 SENTERSLAG HAELGEWEER (SAL BEVESTIG WORD)

Lede wat aan die *Gallery Sporting Rifle* en ander *Gallery Sport Shooting* dissiplines wil deelneem en waarvoor provinsiale en/of nasionale kleure verwerf kan word, moet voor 1 Desember 2018 by Inyathipark inskryf sodat hulle in Januarie 2019 by SASSCo kan registreer. Registrasiedokumente sal later uitgestuur word en ook op die SA Jagters se webwerf beskikbaar wees.

Gallery Sporting Rifle

Ons raai lede aan om aan te hou oefen ná afloop van die 2018 nasionale kampioenskap omdat die proewe baie vroeg in 2019 sal plaasvind sodat ons vir nasionale kleure kan aansoek doen om aan die voorgeskrewe vereistes te voldoen. Ons het ook genoeg tyd nodig om die gekose groep lede vir die wêreldkampioenskap voor te berei.

Elke streek moet in Februarie 2019 minstens een GSR 5685-streeksbyeenkoms aanbied wat as die eerste been van die 2019-proewe sal dien. Lede wat teen einde Februarie 2019 aan die volgende vereistes voldoen, sal na die volgende proewe genooi word.

- Ope -Beste 10 per streek met ’n minimumtelling van 210
- Dames -Beste 3 per streek met ’n minimum telling van 180
- Juniors O/25 -Beste 3 per streek met ’n minimum telling van 180

Die daaropvolgende been van die proewe sal aan die einde van Maart 2019 by die Meerkatgat-skietbaan op Soutpan plaasvind. Hierdie proewe word as volg aangebied:

- Vrydag 22/03/2019
  - Alle deelnemers skiet ’n SI06 5685 kompetisie
  - Alle deelnemers skiet ’n IGRF Limited Bolt Action kompetisie
- Saterdag 23/03/2019
  - Alle deelnemers skiet ’n SI06 5685 kompetisie

Die gemiddeld van die drie kompetisie met ’n minimumtelling van 80% (ope) en 70% (dames en juniors) sal gebruik word met die 5 plus 1 beste presteerders wat vir die nasionale spanne gekies sal word:

- Ope - 1 span(5+1)
- Dames - 1 span (5+1)

**SAW - Sal aangekondig word*

- Juniors O/25 - 1 span (5+1)

Sportskiet

Die 2018 nasionale sportskietkampioenskap dien as die eerste been van die proewe wat in drie klasse, nl. ope, dames en juniors O/25 sal plaasvind. Die onderstaande dissiplines sal in die onderskeie kategorieë geskiet word:

GRSB
- SI03 50M PRESISIE RANDSLAG (NRA0301)
- SI07 INTERNATIONAL 1500 GALLERY RIFLE (GRSB)
- SI08-B TP 1 RANDSLAG
- SI09-B MT 1 RANDSLAG

GRCF
- SI04 50M PRESISIE SENTERSLAG (NRA0302)
- SI07 INTERNATIONAL 1500 GALLERY RIFLE (GRCF)
- SI08-A TP 1 SENTERSLAG HEFBOOMAKSIE
- SI09-A MT 1 SENTERSLAG HEFBOOMAKSIE

GRCF-OPE
- SBW 50M PRESISIE SENTERSLAG- OPE
- SBW INTERNATIONAL 1500 GALLERY RIFLE (GRCF - OPE)
- SBW TP 1 SENTERSLAG OPE
- SBW MT 1 SENTERSLAG OPE

GRSB-PRESISIE
- SI03 50M PRESISIE RANDSLAG (NRA0301)
- SI01 25M PRESISIE (RANDSLAG/DRUKLUGGEWERE)

Gemiddelde tellings van bogenoemde dissiplines sal gebruik word saam met ’n minimumtelling soos hieronder aangedui om deelnemers na die tweede reeks proewe in Maart 2019 te nooi.

Minimumtellings	Ope	Dames	Juniors O/25
GRSB	2135	2007	2007
GRCF	2163	2033	2033
GRCF-OPE	2135	2007	2007
GRSB- PRESISIE	535	503	503

Die tweede en finale been van die proewe vind op 9 Maart 2019 op Welkom plaas wanneer dieselfde dissiplines geskiet sal word. By hierdie finaal sal die beste ses skuts in elke kategorie wat die minimumtelling behaal, (sien onderstaande tabel) gekies word vir die nasionale spanne wat aan die wêreldbyeenkoms in 2019 sal deelneem.

Minimumtellings	Ope	Dames	Juniors O/25
GRSB	2176	2045	2045
GRCF	2186	2056	2056
GRCF-OPE	2176	2045	2045
GRSB- PRESISIE	555	522	522

Deel van vuurwapens

Skuts mag nie vuurwapens tydens die proewe deel nie.

**SAW - Sal aangekondig word*